

18 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 20:1-21:9

Fokusgedeelte: 1 Samuel 21:1-9

Dawid belieg vir Agimelek

Elkeen van ons het al die vreeslike ondervinding beleef dat ons die Here in die gebed en in die Bybel raadpleeg, maar geen antwoord ontvang nie. Dit was met Dawid ook die geval. Toe Jonatan hom meedeel dat Saul hom wil doodmaak (vgl 1 Sam 20), vlug Dawid na die hoëpriester Agimelek om vir die Here te vra wat hy nou moet doen. In hoofstuk 22 (10,15) lees ons dan ook dat Agimelek die Here geraadpleeg het, maar nêrens lees ons dat die Here vir Dawid 'n antwoord gegee het nie. Waarom nie? Omdat Dawid met 'n leuen na die heiligdom van die Here gekom het. As Agimelek vir hom vra waarom hy alleen is, belieg hy die hoëpriester deur te sê dat hy met 'n geheime sending besig is en dat sy manskappe elders vir hom wag! Sommige wil hierdie leuen goedpraat as 'n noodleuen, maar ons mag dit nie doen nie. 'n Leuen bly 'n leuen! Daarom het die Here hom nie geantwoord nie. Ja, wie die heiligdom van die Here met bedrog in die hart binnetree, kan geen antwoord van die Here verwag nie.

Om die Here in die gebed en deur die Woord te raadpleeg, is 'n groot voorreg. Maar dan moet ons dit nie met 'n leuen in die hart, soos Dawid, doen nie. Wanneer ek byvoorbeeld ewe vroom vir die Here sê ek vertrou op Hom, maar intussen vertrou ek - soos Dawid - op my sondige leuenagtige plannetjies, moet ek nie dink dat die Here my gaan antwoord nie. Ek sal antwoordloos - sonder die Here - my sondige pad soos Dawid moet loop. En my leuens sal my inhaal, soos dit vir Dawid ingehaal het (lees 1 Sam 22:13-19).

Sing: Psalm 52

Dr CJ Malan (Emeritus)